Die Hoogfees van Onse Liewe Vrou van die Vlug na Egipte

ANTIFONE:

Intreevers: 'n Engel van die Here het in 'n droom aan Josef verskyn en gesê: Staan op, neem die Kindjie en sy moeder en vlug na Egipte, en bly daar totdat ek jou sê; want Herodes gaan die Kindjie soek om Hom dood te maak... (Mt 2.13)

Kommunievers: Hy was daar tot die dood van Herodes, sodat die woord vervul sou word wat die Here gespreek het deur die profeet: Uit Egipte het Ek my Seun geroep. (Mt. 2.15)

GEBEDE:

Openingsgebed: O God, ons sterkte en ons hoop, U het u eniggebore Seun voor die swaard van Herodes uitgelei. Verleen ons deur die voorspraak van die Geseënde Maagd Maria, verlossing van alle boosheid sodat ons U met lewens van geregtigheid en heiligheid kan dien. Ons maak ons gebed deur onse Here Jesus Christus, u Seun, wat met U en die Heilige Gees leef en regeer, een God vir ewig en altyd. Amen.

Gebed oor die Gawes:

Almagtige Vader, aanskou genadiglik hierdie gawes en lei deur die voorbede van die Geseënde Maagd, alle mense na die liefde en vrede van u koninkryk. Ons maak ons gebed deur Christus onse Here. Amen.

Gebed ná die Heilige Kommunie: Here, ons het hierdie geheimenisse ter ere van die Onse Liewe Vrou van die Vlug na Egipte gevier en van U die Liggaam en Bloed van u Seun as voedsel ontvang. Gee dat ons, wat die gedagtenis van die Maagd Maria gedenk, eendag deel mag hê aan die feesmaal van die Ewige Lewe. Ons vra dit deur Christus onse Here. Amen.

EERSTE SKRIFLESING: GENESIS 46: 1-7

BEURTPSALM: Psalm 37(36)

Keervers: ***R/*** Die heil van die opregtes kom van die Here.

Vertrou in die Here en doen wat reg is,
bewoon die land en wees getrou.
Vind jou vreugde in die Here
en aan die versoeke van jou hart sal Hy voldoen. ***R/***

Die Here sorg vir die lewe van die opregtes
en by Hom bly hul erfenis altyd veilig.
Tye van nood sal geen teleurstelling bring nie,
selfs in hongersnood word hulle versadig. ***R/***

Bly weg van die kwaad en doen wat goed is
en jy sal altyd die land bly bewoon,
want die Here is 'n liefhebber van wat reg is
en sal sy troue dienaars nooit verlaat nie. ***R/***

Die heil van die opregtes kom van die Here,
Hy is hul toevlug in tye van nood.
Die Here sal hulle help en verlos,
van boosdoeners bevry en red,
omdat hulle skuiling soek by die Hom. ***R/***

TWEEDE SKRIFLESING: Efesiërs 1:3-14

HALLELUJA:

Halleluja, halleluja.

Josef het toe opgestaan, die Kindjie en sy moeder in die nag geneem en na Egipte vertrek.

Halleluja.

EVANGELIE: Matteus 2:13-15, 19-23

ALGEMENE VOORBIDDING:

Priester:

Op hierdie Patroonfees van ons bisdom
nader ons God in nederigheid en met geloof.

Laat ons die Here vra om ons gebede te verhoor,
wat ons tot Hom bring in die naam en tot voordeel van die Kerk.

Almagtige en ewige God, die Geseënde Maagd Maria,
die Glorieryke Moeder van u Seun,
help en verdedig almal wat haar aanroep;
Deur haar voorspraak, gee dat ons sterk in geloof,
en koersvas in hoop sal wees en in u liefde sal volhard.

Deur Christus onse Here.

Of

Priester:

My broers en susters,
op hierdie Patroonfees van die Kerk in ons bisdom Port Elizabeth,
laat ons ons behoeftes en verlange voor God bring.

Lektor:

1. Ons bid vir ons Biskop, ***N,*** dat God hom sal aanhou seën met die gawes van sy genade, sterkte, liefde en meegevoel, sodat hy sy pligte as ons herder in geloof kan voortsit en aanhou uitvoer.

ONS BID TOT DIE HERE.

2. Vir Priesters, diakens en hulle eggenotes, vir die religieuse broeders en susters, dat hulle sal volhard in hulle toewyding om in hierdie deel van die Heer se wingerd te arbei.

ONS BID TOT DIE HERE.

3. Vir alle lekebedienaars en vir almal wat die Kerk op een of ander manier bedien: Dat hul lewens van ewigdurende vrugte sal getuig.

ONS BID TOT DIE HERE.

4. Vir alle afgestorwenes wat die Kerk in die bisdom Port Elizabeth gedien het. Mag God hulle arbeid beloon en hulle ewige rus met Hom in die Hemel skenk.

ONS BID TOT DIE HERE.

5. Vir alle vlugtelinge, wat soos Maria ons Moeder 'n veilige tuiste soek; dat hulle deur ons hulp en bystand onder ons 'n veilige tuiste sal vind.

6. Laat ons nou in die stilte van ons harte bid vir daardie behoeftes wat ons nie in woorde uitgedruk kry nie. (*wag 'n oomblik)*

ONS BID TOT DIE HERE.

7. Ons vra Maria ons Beskermheilige om ons, met haar voorbede vir ons, te beskerm en ons te help om in heiligheid te groei: WEES GEGROET MARIA, VOL GENADE, DIE HERE IS MET U. GESEËND IS U ONDER DIE VROUE, EN GESEËND IS JESUS, DIE VRUG VAN U SKOOT. HEILIGE MARIA, MOEDER VAN GOD, BID VIR ONS SONDAARS, NOU EN IN DIE UUR VAN ONS DOOD. AMEN.

Priester: Almagtige God, ons loof en dank U vir U Kerk in ons bisdom. Verhoor ons gebede en help ons om ons werk in u Naam voort te kan sit, soos U ons na u Koninkryk lei. Ons maak ons gebed deur Christus onse Here. AMEN.

Prefasie:

S: Mag die Here met u wees.
G:En met u gees.

S: Laat ons harte verhef wees.
G:Ons hou hulle voor die Here.

S: Laat ons die Here ons God dank.
G:Dit is paslik en reg.

Heilige Vader, Almagtige en Ewige God,
dit is ons ware plig en dit is reg
om U altyd en oral te dank,
deur Jesus Christus onse Here.

... ...